


**5 JUNIE 2022**

**PREDIKER: RETIEF BOOYSEN**

## JESUS GEE 'N VOORUITSIG VAN DIE LAASTE DAE

**Matteus 24:10 (NLV)** *"In daardie tyd sal* ***BAIE*** *mense hulle geloof* ***AFSWEER*** *en mekaar* ***UITLEWER*** *en* ***HAAT****."*

## AANSTOOT BOU MURE OM JOU HART

**Spreuke 18:19 (NLV)** *'n Verontregte broer is meer* ***ONTOEGANKLIK*** *as 'n gewapende stad; 'n rusie is soos die balk wat deure toesluit.*

**2 Korintiërs 10:4-5 (NLV)** *Die wapens van ons stryd is nie mensgemaak nie, maar die kragtige gevegstoerusting van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die argumente, asook elke skans wat teen die kennis van God opgerig word. Ons neem ook elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.*

**VESTING:** *"Denkprosesse of* **argumente** *wat ons diep binne ons harte ontwikkel, wat in kontras staan teenoor die wil van God."*

**VERRAAD:** *Wanneer ek my voordeel soek, ten koste van iemand anders waarmee ek in 'n verbondsverhouding staan, of ek soek my beskerming ten koste van iemand waarmee ek in 'n verbondsverhouding staan.*

**Matteus 24:11 (NLV)** *"Daar sal ook talle vals profete verskyn en hulle sal baie mense op 'n dwaalspoor bring."*

**Spreuke 18:1 (NLV)** *'n Mens wat hom eenkant hou, lewe net vir homself. Hy het 'n afkeer aan gesonde oordeel.*

- *Jesus is besig om vir ons te sê dat aanstoot jou vatbaar vir misleiding maak.*

## WAT IS DIE FINALE RESULTAAT VAN MISLEIDING?

**Matteus 24:12 (NLV)** *"Die sonde sal so toeneem dat baie se liefde sal afkoel."*

## GEESTELIK FIKS vs. GEESTELIK ONFIKS

**Acts 24:16 (KJV)** *"And herein do I exercise myself, to have always a conscience void of offence toward God, and toward men."*

**Psalm 119:165 (OAV)** *Dié wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.*

## STRATEGIE TEEN AANSTOOT: GEBEDSRAAMWERK

**Matteus 5:44 (NLV)** *"Maar Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê en bid vir dié wat julle vervolg."*

- Bid totdat jy **LIEF** word vir die persoon wat jou aanstoot gee.
- Besef die verskil tussen **VERGIFNIS** en **VERSOENING**.
- Moet nie die geleendheid **MISBRUIK** nie.
- Bereik 'n plek van volwasse liefde.

**Lukas 17:1 (NLV)** *Jesus het aan sy dissipels gesê: "Dit is onmoontlik dat dinge wat mense laat STRUIKEL (skandelon: aanstoot neem), nie oor julle pad kom nie."*